# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

8 November 2019

**<u>OMSENDBRIEF 16/2019</u>**

## SLUITING VAN GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR GEDURENDE DESEMBER 2019 EN JANUARIE 2020

**Aan alle saakgelastigdes**

Geagte Broeder/Suster

Geliewe hiermee kennis te neem dat die GKK op sy vergadering gehou op 25 Oktober 2019 besluit het dat die Gemeenskaplike Kerkkantoor en die Boekwinkel DV op Vrydag 13 Desember 2019 om 11:00 sal sluit en weer op Maandag 6 Januarie 2020 om 07:30 sal heropen.

***Bestellings wat later as Vrydag 15 November 2019 ontvang word, sal ongelukkig eers in die nuwe jaar uitgevoer kan word, aangesien posstukke wat later as die einde van November gepos word, óf nie betyds afgelewer word nie, óf ook telkens deur die Poskantoor teruggestuur word met die gevolglike duplisering van kostes.***

U is egter welkom om te reël dat u bestellings nie later nie as Dinsdag 10 Desember 2019, per hand by die Boekwinkel afgehaal word.

Ons bid u ŉ geseënde Christusfees saam met u geliefdes toe en vertrou dat u die nuwe jaar met nuwe krag en ywer sal kan aanpak.

Ds. JL Schütte
DIREKTEUR VAN KERKADMINISTRASIE

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023